

## 30 April - GETUIE

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:13-16 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Maleagi 2:14**

**D**ie Christen se lewe kan nooit in hokkies afgekort word wat niks met mekaar te make het nie – 'n hokkie vir my werk, 'n hokkie vir my godsdiens, 'n hokkie vir my huwelik.

In die boek Maleagi kla die volk: die Here wil dan nie hulle offers by die altaar aanneem nie! God steur Hom nie aan al hulle godsdienstigheid nie. Waarom nie? *“Omdat die Here GETUIE is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het.”*

Nogal 'n ontnugterende gewaarwording! Hy hoor alles wat gesê word. Hy weet alles wat gedink word. Hy sien alles wat in die huwelik teenoor mekaar gedoen word ... en wat nagelaat word. Die Here is Getuie van die ontrou wat plaasgevind het!

Hierdie ontrou beteken egter nie (in die eerste plek) dat man of vrou 'n buite-egtelike verhouding aanknoop en in die skeihof beland nie! Dit begin al wanneer die man en vrou mekaar as metgeselle loslaat (vs 14b). Metgeselle loop mos saam – op een pad! Maar as man of vrou te besig raak net met hulle eie lewens, dat hulle mekaar se hande êrens langs die besige lewenspaaië los, dan is die eerste tree na ontrouheid gegee.

Die kernoorzaak vir ontrou: as daar nie meer erns gemaak word met die *“vrou van jou verbond”* nie (vs 14c)! Die plegtige belofte aan mekaar voor God om saam met mekaar te loop, lê in die stof vertrap. Die huwelik, heilige instelling van God, word deur die wind weggewaai. Geen wonder dat Hy hulle diens aan Hom (in die erediens) nie ernstig opneem nie.

Sal ons nie onder sy wakende oog ons huwelike begin leef, en sekerheid kry van sy seënende teenwoordigheid by al die fasette van ons lewe nie?

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds HC van Rooy*